higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

17 November 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYN VIR MERKERS

1. Merkers word daaraan herinner dat sommige aspekte van Lewensoriëntering breë interpretasies kan hê, en ’n breë verskeidenheid antwoorde is dus moontlik. Antwoorde wat verkeerd is moet egter nooit as korrek gemerk word nie.

2. Merkers moet hulle eie oordeel gebruik wanneer hulle nasien. Studente se antwoorde moet binne die konteks van hulle lewenservarings geassesseer word.

3. Inhoud moet nagesien word, nie grammatika nie.

4. Vir die meeste vrae word verskeie voorbeeldantwoorde gegee. Dit dien as riglyn vir die soort antwoord wat vereis word. Merkers moet versigtig deur al die antwoorde werk om ’n gevoel te kry van die soort aanvaarbare antwoorde.

5. Vir sommige antwoorde word merkers gelei deur die stelling: ‘Slegs hierdie antwoord.’ Dit beteken dat geen ander antwoorde aanvaarbaar is nie.

6. Merkers moet die puntetoewysing per vraag noukeurig nagaan en streng volgens die puntetoewysing nasien.

   LET WEL:
   (2 × 1) beteken daar moet TWEE antwoorde wees, en EEN punt word per antwoord toegewys.
   (1 × 2) beteken TWEE punte word vir EEN antwoord toegewys.

7. Waar studente versoek word om ’n paragraaf te skryf, te evalueer, te beskryf, te bespreek, te besin, aan te beveel, raad te gee of te verduidelik, is antwoorde van een word nie aanvaarbaar nie, en moet dit nie nagesien word nie

8. Dankie dat u noukeurig, streng en regverdig nasien. Die handhawing van ’n hoë standaard help om die status van hierdie uiters belangrike vak te verhoog.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 B
1.4 C
1.5 B
1.6 C
1.7 B
1.8 D
1.9 C
1.10 A (10 × 1) **[10]**
(Slegs hierdie antwoorde)

VRAAG 2

2.1 B
2.2 D
2.3 I
2.4 E
2.5 H
2.6 G
2.7 C
2.8 F
2.9 J
2.10 K (Slegs hierdie antwoorde)
(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar✓ – ’n Aanlyn werksaansoek is ’n nuttige manier om werk te kry.✓

3.2 Onwaar✓ – Uitdiensstelling beteken dat personeel afgedank word omdat die maatskappy ’n verlies ly.✓

3.3 Onwaar✓ – Dwelmgebruik vererger stres en skep meer stres oor die lang termyn, want verslawing word ’n probleem.✓

3.4 Onwaar✓ – ’n Opinie is ’n siening of beoordeling wat oor iets gevorm word en is nie noodwendig gegrond op feite of kennis nie.✓

3.5 Waar✓ – Onveilige werkstoestande veroorsaak oponthoude en beserings wat weer produksie vertraag.✓

(5 × 2) **[10]**

(EEN punt vir WAAR of ONWAAR of W of O, en EEN punt vir ’n toepaslike rede. Die rede MOENIE ’n herbewoording van die vraag wees nie.)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 logiese redenering
4.2 stigma
4.3 longe
4.4 immuunstelsel
4.5 lewenslange leer
(Slegs hierdie antwoorde) (5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Slegte stres is ’n gevoel van hulpeloosheid en ’n onvermoë om die situasie te beheer.
- Slegte stres laat jou hulpeloos/oorweldig voel.
- Slegte stres is skadelik en veroorsaak angs en gesondheidsprobleme. (1 × 2) (2)

5.1.2
- Gebrek aan fokus/swak konsentrasie
- Swak geheue
- Te veel of te min slaap
- Gebrek aan belangstelling in studies
- Gebrek aan energie om te studeer
- Mis sperdatums (2 × 1) (2)

(Aanvaar enige toepaslike antwoorde wat spesifiek met die negatiewe uitwerkings van stres op <u>studies</u> verband hou.)

5.1.3
- Goeie stres help om jou te motiveer
- Goeie stres help jou om gefokus te bly
- Dit help jou om belangrike inligting te onthou
- Dit gee jou energie om harder te probeer
- Dit help om jou konsentrasie ’n hupstoot te gee (2 × 1) (2)

5.2 5.2.1
- Studeer gereeld
- Gebruik die OV3H-studiemetode (‘SQ3R’)
- Maak opsommings
- Stel ’n studierooster op
- Gebruik geheuetegnieke
- Studeer op dieselfde tyd
- Sluit by ’n studiegroep aan (2 × 1) (2)

(Aanvaar slegs studiemetodes, NIE wenke vir eksamenskryf nie.)

5.2.2
- Lees eksameninstruksies en vrae noukeurig deur.
- Werk uit hoeveel tyd jy per antwoord moet bestee.
- Struktureer jou antwoorde.
- Skryf duidelik.
- Beantwoord maklike vrae eerste.
- Trek ’n streep deur enige werk wat jy geskrap het en nie wil laat nasien nie. (2 × 1) (2)

(Aanvaar slegs wenke vir eksamenskryf, NIE studiemetodes nie.)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 6.1.1

- Omdat bestuurders nie aandag gee nie
- Bestuurders praat op selfone of stuur teksboodskappe
- Verbygaan op ’n soliede streep
- Dit kan as gevolg van dronkbestuur wees
- Dit kan weens slegte weer gebeur (reën, sterk wind of hael)
- Wanneer een bestuurder probeer om teen die verkeer in te draai sonder om aankomende voertuie in ag te neem
- Wanneer een voertuig in die aankomende baan in dwaal
- Bestuurder wat nie by ’n robot stop nie
- Bestuurders wat nie verkeersreëls nakom nie (4 × 1) (4)

6.1.2

- Bestuurders moet stadiger ry om botsings te verhoed
- Moenie jou selfoon gebruik terwyl jy bestuur nie
- Bly waaksaam sodat jy aankomende karre kan sien
- Bekyk jou omgewing en kyk vir padtekens, ander tekens en merktekens op sypaadjies
- Gaan versigtig verby sonder om kanse te waag
- Moenie dronk bestuur nie, sodat jy gefokus kan bly (3 × 1) (3)

6.1.3

- Sommige kinders werk, speel en leef in die pad
- Kinders wat die pad sonder toesig oorsteek
- Baie kinders kan nie die spoed of afstand van ’n aankomende kar oordeel nie
- Jonger kinders is kwesbaarder in padverkeer as volwassenes
- Jonger kinders kan moontlik sukkel om verskeie dinge wat hulle sien en hoor, te interpreteer
- Kinders van tienerouderdom is veral geneig om kanse te waag, wat hulle veiligheid op die pad in gevaar stel (3 × 1) (3)

6.1.4

- Moenie toelaat dat kinders in die pad speel nie
- Plaas spoedbulte op besige paaie
- Voed jou kinders op oor padveiligheid
- Sorg dat kinders die pad saam met volwassenes oorsteek

(2 × 1) (2)

6.2 6.2.1

- Hulle vertrou nie die polisie nie.
- Die polisie kan dalk laat opdaag.
- Sommige mense beskou die polisie as korrup.
- Oortreders word dikwels spoedig op borgtog vrygelaat.
- Die howe sal dalk nie die oortreder aankla nie. Gemeenskappe voel dan dat geregtigheid nie geskied nie.
- Die polisie het nie genoeg personeel om te kan reageer nie

(2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

6.2.2
- Logiese redenering kan jou help om die situasie kalm te ontleed. Jy kan moontlik aan gebeurtenisse in die verlede dink wat bewys het dat onskuldige mense dikwels die slagoffers van gepeupelreg is.
- Logiese redenering kan jou help om die feite te oorweeg en bewyse te versamel. Jy kan moontlik dink aan die feit dat nog onwettige optrede nie die oorspronklike onwettige optrede regstel nie.
- Logiese redenering kan jou in staat stel om 'n duidelike en kalm verklaring aan die polisie af te lê oor wat jy gesien het, sodat die bestuurder in hegtenis geneem kan word en aangekla kan word.
- Logiese redenering kan vir jou sê dat as jy sy kar verbrand, jy moontlik in plaas van die bestuurder in die tronk kan beland.
- Logiese redenering kan jou help om tot 'n billike gevolgtrekking te kom oor wat jy moet doen. Byvoorbeeld, hou die bestuurder op die toneel en hou hom veilig totdat die polisie opdaag. Rapporteer die saak aan die polisie en laat hulle die nodige stappe doen.

(2 × 2) (4)

6.3
- Hy moet sy veiligheidsgordel gebruik.
- Hy moet die verkeersreëls nakom.
- Hy moenie dronk bestuur nie.
- Hy moet sorg dat die kar padwaardig is.
- Hy moenie sy selfoon gebruik terwyl hy bestuur nie. (2 × 1) (2)

[20]

VRAAG 7

7.1 7.1.1
- Nageboortelike depressie
- Postpartum-depressie

(Aanvaar bababedruktheid) (2 × 1) (2)

7.1.2
- Slaap- en eetlusversteuring
- Angs
- Huilerigheid
- Wanhopigheid
- Verlies aan konsentrasie
- Sosiale onttrekking
- Beleef kwellende gedagtes oor haar baba of haar vermoë om 'n goeie ma te wees
- Word verteer deur skuldgevoelens en teleurstelling oor wat veronderstel is om die 'beste tyd van haar lewe' te wees

(4 × 1) (4)

7.1.3
- Deur dit te aanvaar, sal Ntokozo probeer om haar nageboortelike depressie te hanteer
- Dit is baie beter as om alewig oor nageboortelike depressie te kla
- Dit help om die negatiewe uitwerkings van nageboortelike depressie minder te maak
- Aanvaarding is deel van die proses om van nageboortelike depressie te genees en herstel
- Om dit nie te aanvaar nie, skep meer lyding

(3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

7.1.4
- Gee vir haar emosionele ondersteuning
- Toon liefde, begrip, empatie en medelye
- Wees met haar geduldig
- Help haar om vir die baba te sorg
- Los haar af met huistakies
- Moedig haar aan om oefeninge/joga te doen
- Moedig haar aan om genoeg te slaap
- Kook vir haar gebalanseerde maaltye (2 × 1) (2)

7.2 7.2.1
- Dit help om die kinders te motiveer om harder te werk
- Ontwikkel lewenslange leer
- Stimuleer hoë-orde-vaardighede
- Maak hulle onafhanklike leerders (2 × 1) (2)

7.2.2
- Hulle moet wetsgetroue burgers wees
- Hulle moet empatie toon
- Hulle moet gereeld studeer
- Hulle moet leer om te deel
- Hulle moet positiewe verhoudings handhaaf
- Hulle moet oefening doen om fiks te bly (2 × 1) (2)

7.2.3
- Skeduleer ’n tyd om openlik met jou kind te praat
- Luister na jou kind se standpunt
- Praat met die onderwyser om uit te vind wat die probleme is/die oorsprong van die probleem te kry
- Bespreek moontlike strategieë om jou kind te help verbeter
- Motiveer jou kind om te studeer (3 × 1) (3)

7.3
- Gee vir jou kind ’n afkoelperiode
- Neem voorregte soos TV kyk, selfoongebruik, data en uitslaapaande weg.
- Verduidelik aan die kind op ’n kalm manier wat hy/sy verkeerd gedoen het/redeneer met die kind/praat met die kind.
- Beloon goeie gedrag/prys goeie gedrag (2 × 1) (2)

(MOENIE punte toeken vir lyfstraf nie, bv. moenie pak slae, slaan, klap of pak gee aanvaar nie – lyfstraf is onwettig in Suid-Afrika)

[20]

VRAAG 8

8.1 8.1.1
- As jy nie doelwitte stel vir lewenslange leer nie, sal jy nie ’n lewenslange leerder wees nie
- Dit gee jou ’n doel in die lewe om na te streef
- Dit sorg dat jy sal aanhou leer en nooit moed opgee nie
- Dit gee jou ’n spesifieke doel om na te streef in terme van jou kwalifikasies
- Dit sal jou hoop en motivering gee om iets te bereik (2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

8.1.2
- Stel 'SMART' doelwitte
- Ontwikkel 'n houding van nooit opgee nie
- Maak 'n aksieplan om uiteen te sit wat jy moet doen
- Registreer vir gratis aanlyn kursusse
- Behou kontak met onderriginstellings (2 × 1) (2)

8.1.3
- Hou aan probeer; moenie opgee nie
- Probeer 'n nuwe studiemetode
- Vra om hulp
- Besin oor waar jy dalk 'n fout gemaak het
- Identifiseer waarom jy gedruip het en werk daaraan om jou foute reg te stel
- Studeer harder om jou punte te verbeter (2 × 1) (2)

8.2 8.2.1
- Sommige kandidate is nie voorbereid nie
- Hulle het nie genoeg selfvertroue nie
- Hulle het nie genoeg kommunikasievaardighede nie
- Hulle vertoon negatiewe houdings
- Hulle beantwoord nie die vrae nie
- Die onderhoudvoerder kan moontlik moeilike vrae vra (2 × 1) (2)

8.2.2
- Jou CV is 'n kort weergawe van die storie van jou lewe. Dit bevat 'n lys van jou prestasies, suksesse en ondervinding wat van toepassing is op die werk.
- Toekomstige werkgewers vra altyd vir 'n CV. As jou CV 'n goeie indruk maak, het jy 'n beter kans om die pos te kry.
- 'n Onderhoud kan moontlik op grond van 'n goeie CV toegestaan word. Dus is 'n CV die eerste stap in die proses om vir 'n pos aansoek te doen.
- 'n Goeie CV is die eerste kommunikasie met jou potensiële werkgewer en kan jou dus help om op die kortlys geplaas te word. (1 × 2) (2)

8.2.3
- Moenie opgee nie; probeer weer en weer. Baie meer onderhoude is dikwels nodig om werk te kry.
- Berei jouself goed voor, oefen hoe om algemene onderhoudvrae te beantwoord en hou aan probeer.
- Dink na oor waar jy beter kon presteer en verbeter. Dit sal jou help om met meer selfvertroue na die volgende onderhoud te gaan. (2 × 1) (2)

8.3
- Herinner hulle om hulle medisyne te neem.
- Vergesel die vriend na die kliniek om ARV's te gaan haal.
- Help hom/haar om 'n selfoonwekker te stel om die ARV's gereeld te neem.
- Bied aan om 'n ARV-vriend te wees wat hom/haar elke dag sal herinner en ondersteun.

(2 × 1) (2)

8.4
- Rapporteer gevalle van diskriminasie en spreek jou uit om te sê dat dit nie moet gebeur nie.
- Organiseer 'n opvoedkundige werkswinkel vir die werkplek en nooi 'n persoon wat met MIV leef om die kollegas toe te spreek.
- Dring aan op regverdige behandeling en stel 'n goeie voorbeeld deur nooit te diskrimineer nie.
- Sluit stappe by die maatskappy se beleide in oor hoe om diskriminasie te rapporteer.

(1 × 2) (2)

Kopiereg voorbehou

8.5
- Word gestigmatiseer
- Word teen gediskrimineer
- Voel verwerp, vervreemd, alleen en uitgesluit
- Onder druk weens werk en voel nie gesond genoeg om sperdatums na te kom nie
- Geskinder oor werknemers wat met MIV leef
- Gerugte wat versprei word oor kollegas wat met MIV leef.

(Stressors moet spesifiek gaan oor werknemers wat met MIV leef.) (2 × 1) (2)

8.6 Hou aan probeer; moenie opgee nie!
Jy kan dit doen! Jy sal sukses behaal!
Druk deur, hou vol en beplan om sukses te behaal. (1 × 2) (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 9

9.1 9.1.1
- Kruis jou arms oor jou bors
- Kriewel te veel in jou sitplek
- Weier om te glimlag
- Blameer ander mense vir jou foute
- Kom arrogant voor tydens die onderhoud
- Lieg oor kwalifikasies
- Is ongeskik met die onderhoudvoerders (3 × 1) (3)

(MOENIE punte toeken vir selfoon antwoord, vuil klere dra of werkplek slegsê nie.)

9.1.2
- Dit toon ’n gebrek aan aandag aan detail. Sy moes haar selfoon afgeskakel het voordat die onderhoud begin het.
- Dit wys dat Monica ’n gebrek aan oordeel en swak besluitnemingsvaardighede het. Sy moes nie die foon geantwoord het nie.
- Dit toon ’n gebrek aan respek vir haar onderhoudvoerders en hulle tyd. Dit impliseer dat sy nie die onderhoud ernstig opneem nie. (1 × 2) (2)

9.1.3
- Sy kon om verskoning gevra het en die selfoon afgeskakel het.
- Sy moes nie die oproep geantwoord het nie en moes onmiddellik dit foon afgeskakel het.
- Sy kon haar selfoon voor die onderhoud afgeskakel het om te verhoed dat dit lui, of sy kon stilmodus geaktiveer het voordat die onderhoud begin het. (1 × 2) (2)

Kopiereg voorbehou

9.2
- Vuil klere
- Plakkies of tekkies
- Onderklere (bra's, bra-bandjies, onderbroeke, boksbroekies, ens.) wat aan ander sigbaar is
- Kortbroeke
- Jeans
- Rompe wat te kort is
- Broeke wat te laag sit of te styf is
- Bloese met halse wat te laag is of te kort is (2 × 1) (2)

9.3
- Ek wil meer verantwoordelikheid neem
- Ek wil my hervestig om ander plekke te verken
- Ek wil graag 'n loopbaanverandering maak om te sorg dat ek aanhou groei
- Ek mik om nuwe vaardighede te leer en my huidige vaardighede verder te ontwikkel
- Ek is op soek na 'n nuwe uitdaging
- Hierdie pos lyk opwindend en is perfek vir my (2 × 1) (2)

9.4
- Daag vroeg op sodat jy nie bekommerd is oor laat opdaag nie
- Moenie die onderhoudvoerders in die rede val nie. Luister aandagtig na hulle vrae. Beantwoord slegs die vrae en fokus jou aandag daarop om na die vrae te luister.
- Haal diep asem, asem uit, herhaal.
- Praat met jouself op 'n positiewe manier. Moenie jouself kritiseer nie.
- Fokus op waarom jy daar is.

(Ken slegs punte toe vir spesifieke strategieë om stres te hanteer of te kalmeer wat tydens 'n onderhoud nuttig is, nie vir antwoorde oor algemene streshantering nie. Die antwoorde moet op die vraag van toepassing wees.)
(2 × 1) (2)

9.5
- Vakbonde kan 'n geskil aan die gang sit
- Die saak kan na die KVBA geneem word
- Vakbonde kan salarisverwante sake aan die Departement van Arbeid rapporteer
- Werknemers kan staak
- Werknemers kan stakingswagte plaas (3 × 1) (3)

9.6 **Monica:**
- Ek moes my selfoon afgeskakel het voordat die onderhoud begin het.
- Ek moes die oproep onmiddellik stop gesit het, die foon afgeskakel het en die onderhoudpaneel om verskoning gevra het.
- Ek moes nooit die oproep geantwoord het nie. Dit was regtig 'n groot fout.
- Ek moes nie voor die onderhoud koffie gedrink het nie. Die vlek op my pak het sleg gelyk. (2 × 1)

Kopiereg voorbehou

John:

- Ek moes nie die onderhoudvoerders in die rede geval het nie. Ek moes aandagtiger na hulle vrae geluister het.
- Ek moes nie slegte dinge oor my bestuurder en spanlede gesê het nie.
- Ek moes 'n beter en onemosionele rede gegee het vir waarom ek uit my werk bedank het. (2 × 1) (4)

(TWEE punte vir TWEE stellings vir Monica en TWEE punte vir TWEE stellings vir John 2 + 2. Moenie antwoorde van een word nasien nie.)

[20]

VRAAG 10

10.1

- Onderhandel met werkgewers om poste te red
- Beskerm werknemers teen uitdiensstelling
- Sorg dat werknemers uitbetalings kry om mee aan die gang te kom
- Vra die regering om werkgewers te help met reddingspakkette om poste te red
- Onderhandel met die regering vir finansiële hulp sodat werknemers klein ondernemings kan stig
- Bied werkswinkels aan om vir mense nuwe vaardighede te leer
- Moedig werknemers aan om alternatiewe werk te doen om tydens die pandemie na hulle behoeftes om te sien (4 × 1) (4)

10.2

- Vakbonde kan 'n gesonde en veilige werksomgewing uitsoek. Dit sal werkers beskerm.
- Hulle kan veg om veiligheidsmaatreëls af te dwing wat werkers te beskerm.
- Hulle kan swak werkstoestande beveg. Dit kan die werkslewe van werkers verbeter.
- Hulle kan werknemers tydens verhore verteenwoordig. Dit bied hoogs nodige ondersteuning.
- Hulle kan onderhandel vir beter salarisse en behandeling van werkers. Dit kan werkers motiveer. (4 × 1) (4)

10.3

- Hou jou werksverwante netwerk sterk
- Identifiseer jou sterkpunte, swakpunte en belangstellings, en pas dit by vaardighede wat in die mark benodig word.
- Wees proaktief en bereik jou loopbaandoelwitte vir die toekoms/studeer sodat jy nog kwalifikasies kan kry
- Ontwikkel 'n prioriteitslys van volgende stappe in jou soeke na werk
- Verminder luukshede, tref vooraf reëlings vir betalings, spaar jou uitdiensstellingspakket en belê dit/gebruik dit versigtig
- Maak kontak met ten minste drie werwingsagentskappe in jou area en registreer jouself op die vernaamste loopbaanportale (4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

10.4 10.4.1

- Me. Baloyi is slegs een dag kennis gegee in plaas van ’n maand.
- Sy het geen diensbeëindigingsloon ontvang nie. Sy moes ’n uitdiensstellingspakket ontvang het.
- Sy het nie haar salaris aan die einde van die maand ontvang nie. Sy is nie die salaris betaal wat aan haar verskuldig is nie.
- Sy is nie betaal vir verlofdae wat aan haar verskuldig is nie. Sy moes betaling ontvang het vir haar ongebruikte verlofdae.

(4 × 1) (4)

10.4.2 Die Departement van Arbeid (1 × 2) (2)
(Slegs hierdie antwoord. Aanvaar egter afkortings soos Dept. van Arbeid of ‘DoL’.)

10.4.3

- Prosesvoering omdat Me. Baloyi ’n goeie saak het om ’n hofsaak teen die eieneaar te maak.
- Konsiliasie omdat dit dit dalk moontlik sal maak om die geskil te besleg deur die eienaar en Me. Baloyi in ’n geskil saam te bring met ’n onafhanklike derde party.
- Mediasie omdat ’n neutrale derde party Me. Baloyi en die eienaar in hierdie gestruktureerde, interaktiewe proses kan help om die geskil te besleg.
- Arbitrasie, want die uitkoms is bindend en Me. Baloyi kan moontlik die betaling wat aan haar verskuldig is, ontvang.
- Onderhandeling kan moontlik werk, want die verskille tussen Me. Baloyi en die eienaar kan afgehandel word deur ’n onderhandelde ooreenkoms.

(Enige van bogenoemde geskilbeslegtingsmetodes; EEN punt vir soort geskilbeslegting en TWEE punte vir geskikte rede.)

(1 + 2) (3)

10.4.4 Die KVBA kan Me. Baloyi help deur haar onregverdige afdanking en onregverdige behandeling te hanteer.✓ Die KVBA sal die klagtes wat sy gelê het aanhoor en probeer om tot ’n skikking tussen haar en die eienaar van die maatskappy te kom.✓ Hulle kan haar werkplekgeskil konsilieer.✓ Hulle kan arbitreer as die konsiliasie nie haar probleme oplos nie. Arbitrasie sal in die arbeidshof gebeur.✓
(Moenie antwoorde van een word nasien nie. Minus EEN punt as ’n kolpunt- of genommerde lys gegee is in plaas van ’n paragraaf.) (4 × 1) (4)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou